# DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug;
want sonder My kan julle niks doen nie. *Johannes 15:5*

# 14 Oktober 2018

## 1. EREDIENSINLIGTING

| **Oggend** | **Ds. C.C.A. Vrey** | **Aand** | **Ds. C.C.A. Vrey** |
|---|---|---|---|
| Sing vooraf | Ps. 27: 4, 6 | Sing vooraf | Sb. 9-1: 10, 11 (26) |
| Sing | Ps. 113: 1, 2 | Sing | Ps. 148: 1, 5 |
| | Ps. 69: 3, 5 | | Ps. 119: 20, 23 |
| | Sb. 36: 2, 3 | | Ps. 19: 6, 7 |
| | Ps. 119: 52, 53 | | |
| Skriflesing | Matteus 6:1-18<br>Jesaja 58:1-12 | Skriflesing | Jakobus 1:12-18<br>Spreuke 4:20-27<br>HK Sondag 44 Vraag 113 |
| Teks | Matteus 6:16-18 | Teks | Spreuke 4:23 |
| Tema | **Selfondersoek, berou en bekering sodat mense jou moet sien of God?** | Tema | **Verban elke begeerte wat teen die liefde is uit jou hart** |
| **Katkisasie-opening:** Psalm 122: 1 | | | |

## 2. ALGEMENE KERKNUUS

***BEROEPE***

**Beroepe Aanvaar**

- Ds MJ Lourens (Thys) van Vaalpark na Nelspruit/Barberton kombinasie

***BOLANDKAMP 2018***

Die Klassis Boland kamp vir hoërskool leerders vind plaas DV **6 -10 Desember** te Disakloof, Bettiesbaai. Die tema vir die kamp is: Engele, spoke en weerwolwe: Geestelike oorlogvoering! Die koste verbonde is R750 en inskrywings sluit 15 November. Meer inligting is op die kennisgewingborde aangebring.

## 3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

***BASAAR***

3 … 2 … 1 Die tyd raak min! Ons jaarlikse basaar is DV **Saterdag, 27 Oktober** en die stalletjies benodig nog **baie hulp en donasies**! Gaan kyk asseblief waar u gawes en talente aangewend kan word. Kom werk so kuier-kuier saam met die koördineerders en leer u mede-lidmate beter ken op ‘n lekker informele manier.

Donasies vir die basaar kan in die konsistorie geplaas word. Daar sal ook op Vrydag, 26 Oktober geleentheid wees om produkte af te lewer. Geldelike donasies kan u in ‘n gemerkte koevert in die Kassiere kissie plaas of per EFT na die gemeente se bankrekening oorbetaal met die verwysing *Basaar*. Baie dankie!

**Alle koördineerders en enige ander belangstellendes moet asseblief vanaand se vergadering bywoon, sodat ons die laaste reëlings kan finaliseer.**

**Borg ‘n Bybel**
Ons is dringend op soek na 'n **industriële lemoenversapper** om by die basaar te gebruik vir die verkoop van vars lemoensap. Indien u dalk kontakte het waar ons een kan leen of selfs kan aankoop teen 'n billike prys, sal ons die hulp baie waardeer. Kontakpersoon: sr. Lizette Opperman

**Eko-klub**
Lees asseblief die aparte nuusbrief met inligting oor die aksies tydens die basaar.

***BEDANKING***
Uit die diepte van my hart wil ek graag almal bedank vir die ondersteuning, oproepe, blomme en oorvloedige liefde wat ons ontvang het met Klaas se afsterwe. Dit word opreg waardeer.

*Sr. Agustia van Heerden*

***BYBELSTUDIE***
**Bellville:** Dinsdag om 09h30 en 19h00
**Dames Bybelstudie:** Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)

***HUISBESOEK***
Wyk **Chrismar** (oudl. Ben van der Walt) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

***KATKISASIE***
Katkisasie klasse heropen vanoggend na die erediens.

***KIERIEKLUB***
Die Kierieklub beplan om op DV **Saterdag, 3 November** by **Silwermyn** te gaan stap en dan saam piekniek te hou. Alle lidmate is hartlik welkom – ook dié wat nie wil stap nie, maar net wil inskakel vir die geselligheid. Daar is meer besonderhede en ‘n naamlys op die kennisgewingbord in die teedrinklokaal. Kontakpersoon: br. Willem de Haan

***KOOR***
Die koor oefen vanmiddag om 17h00 in die kerkgebou. Alle belangstellendes word hartlik uitgenooi om saam te kom sing! Kontakpersoon: sr. Etresia Hendricks

***LEWENDE STENE & ROTSE***
Die hoërskool leerders en studente kom DV volgende Sondag vanaf 19h45 tot 21h00 bymekaar in Bellville-Oos gemeente se kerkgebou. Prediker 12 word behandel in bybelstudie.
Kontakpersoon: sr. Carolien Meijering

***MEELEWING***
Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Sr. Adriana Joubert wat in Durbanville Medi-Clinic opgeneem is.

Sr. Jeanette Janse van Rensburg se vader is oorlede. Mag die Here haar en haar familie ryklik vertroos.

***NUUS VANUIT RONDEBOSCH-WYK***
**Praise:** For the significant number of visitors we have had in the last few months
**Prayer:** That the above visitors become regulars and join RCSS

Enige lidmaat wat belangstel om deel te word van die Kerkplantingskommissie (CPC), kontak asseblief vir dr. Simon Jooste of br. Roald Botha.

***SKIEREILAND VIR CHRISTUS***

Eerskomende Saterdag is die maandelikse Skiereiland vir Christus-aksie by Laerskool De Waveren in Ruyterwacht. Ons nooi dan ook die kinders en hul ouers na ons erediens die volgende dag. Ons verskaf aan hulle vervoer, woon saam die erediens by en eet dan saam middag-ete. Almal is hartlik welkom! Kontakpersoon: sr. Elré Gerber

**Skiereiland vir Christus Kamp: 20-24 Maart 2019**

Met groot vreugde kan ons begin met die beplanning vir die derde Skiereiland vir Christus kamp! Dit is weereens 'n geleentheid waar ons hooftaak as gemeente is om God te verheerlik, Sy verlossing te verkondig en ook Sy genade en voorsienigheid te ervaar. Almal wat belangstel om betrokke te raak vergader op DV **Sondag, 28 Oktober om 16h30** in die konsistorie.

Ons benodig hulp op verskeie vlakke:

- Groepleiers - oud en jonk (14 jaar+)
- Kosspan lede
- Aanbieders - dalk wil jy iets spesiaals vir die kinders kom leer?
- Enige algemene ondersteuning

Daar is ook ‘n naamlys op die SvC aansteekbord in die teedrinklokaal – skryf asseblief u naam op indien u betrokke wil raak. Kontakpersone: srs. Jana de Bruyn, Elré Gerber en Magda Groot

***STERKTE TOEGEWENS***

Ons wens al ons matrikulante die seën van die Here toe met die eind-eksamen wat voorlê. Mag julle harde werk beloon word!

***VGK-KOOR***

Die Vrye Gereformeerde Kerk nooi alle belangstellendes graag uit om saam te sing in ‘n koor. Die hoop is dat daar sommer baie mense sal kom om mooi musiek te maak tot eer van God. Die eerste oefening vind eerskomende Dinsdag plaas in hul kerkgebou. Verdere datums is aangebring by die deure. Kontakpersoon: Carike Byker (carikebyker@gmail.com)

## 4. SUSTERS

***TEESKINKBEURTE***

**Vandag:** Srs. **Nicolette Costerus**, Adi du Plessis, Elise Joubert, Hanli Kruger, Marika Roos, Deléne Snyman, Sanet van Hoving, Chanté Wendt

**Volgende Sondag:** Srs. **Willina Cilliers**, Christelle Basson, Hester Briel, Hilde Coetzee, Debbie Daling, Elrika du Toit, Elzanne Koegelenberg, Mariëtte Lombard, Margo Nijeboer, Yolandi Taljaard

**Woensdag 24/10 (Diakonie):** Srs. **Lizette Opperman**, Adriana Andersen, Elré Gerber, Jeanette Janse van Rensburg

Die nuutste lys vir teeskinkbeurte is per e-pos uitgestuur en ook op die aansteekbord aangebring. **Ons benodig nog susters om as sameroepers op te tree.** Kontak asseblief vir sr. Willina Cilliers indien u bereid is om so diensbaar te wees.

Die Susters nooi u hartlik uit om DV volgende Sondag na die oggenderediens verversings te geniet en gesellig saam te kuier ter viering van ds. Coen en sr. Deléne Vrey se verjaarsdae.

***VERGADERING***

Alle susters word hartlik uitgenooi na die vergadering **eerskomende Woensdag** om **19h00**. Koffie, tee en verversings word reeds vanaf 18h30 bedien. Die aand se tema is ***Woord-stories wat geloof versterk.*** Kom deel met ons watter Bybelvers / geestelike dagstuk / boodskap / woorde het jou lewe verander / rigting daaraan gegee / die meeste beïnvloed het? Kontakpersoon: sr. Judy Venter

## 5. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

***DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS***

**Diakens**

**Vandag:** Brs. Paul Swart, Tommie Venter, Reinard Visser, **Ludwig Venter**
**Volgende week:** Brs. Chrisjan Vrey, Martin van der Walt, David Myburgh, Lawrence Lombard

**Ouderlinge**

**Vandag:** Brs. Llen Labuschagne, Willem de Haan, Peet van der Walt, Harm du Plessis
**Volgende week:** Brs. Guillaume Gerber, Arno Loots, Adriaan Louw, Jacobus Venter

**Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)**

**Vandag:** Brs. André Coetzee, Herman Boneschans
**Volgende week:** Brs. Niël van Hoving, Mannes Nijeboer

| ***KOLLEKTE*** | **Vandag:** | **Volgende Sondag:** |
|---|---|---|
| **Onder die erediens:** | Kinderhuise in Kerkverband | Diakonale Kas |
| **By die deure:** | Instituut vir Christelike Onderwys | Instandhouding van Eiendomme |

***HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT***

**Oktober:** 15/10 Chrismar, 29/10 Langeberg Ridge
**November:** 12/11 Brackenfell 1, 26/11 Table View
**Desember:** 03/12 Kuilsrivier

***VERGADERINGS***

**Basaar (alle koördineerders)**
Vanaand na die erediens in die kerkgebou
**Katkisasie Kommissie**
Vanaand na die erediens in die konsistorie
**Skiereiland vir Christus**
Vanaand na die erediens in die kerkhuis
**Borg 'n Bybel**
Volgende Sondag om 17h00 in die konsistorie
**Basaarbestuur**
Volgende Sondag na die aanderediens in die kerkhuis

## 6. VERJAARSDAE

Baie geluk aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. 'n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

| | |
|---|---|
| Vandag | Sr. Maryna Botha |
| 16/10 | Br. Gustaaf Costerus<br>Sr. Karen van Wijk |
| 18/10 | Sr. Janine van Jaarsveld<br>Deléne Vrey (17 jaar) |
| 19/10 | Br. Dawid Breed |
| 20/10 | Sr. Deléne Snyman |

Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees.
*Markus 11:24*

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag** om **16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za